DIENSNUUS
CALEDONGEMEENTE

Jou Christus-familie se nuusdiens met nuus vir diens ~ www.ngcaledon.co.za

Die heel eerste week van ons 40 Dae Fokus Op Mekaar -reeks is amper om!

As jy nog nie hierdie week se studiemateriaal afgelaai het nie, loer gerus op ons webtuiste of op jou wyk se WhatsApp-groep en reis saam! Jy is nog nie te laat nie! Ons wag vir jou. Ons wil van jou hoor.

Laat weet ons HOE en WAARMEE die Here jou seën in hierdie Lydenstyd.

Kom en wees deel.
Gesels saam.
Bid saam.
Reis saam.

Respek (of eerder 'n verlies daaraan)
deur Liezel Lüneburg

Ek wonder die laaste ruk oor respek. Seker maar omdat respek so dun gesaai is in 'n samelewing, waar ons daagliks gekonfronteer word met erge misdaad, korrupsie, lippetaal sonder konstruktiewe optrede, rassehaat, xenofobie en nog meer as wat enige mens kan verduur. Volg maar net die skokkende getuienis voor die Zondo-kommissie en dit is genoeg om enige gevoelens van respek te blus.

Die woorde "respekteer" en "respek" kom maar net twee male in die 1983-vertaling van die Bybel voor en nie 'n enkele keer in die 1933/1953-vertaling nie. In 1 Petrus 2:17 skryf Petrus: "Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser." Die ander verwysing is in Levitikus 19:32.

Hierdie gedeeltes illustreer dat respek twee kante het: die manier hoe ons voel oor 'n ander persoon en die manier hoe ons dieselfde persoon behandel. Die eerste is 'n gevoel, wat die klem op die ander persoon se optrede plaas. Die tweede is 'n werkwoord, wat my optrede teenoor 'n ander beklemtoon. Eersgenoemde is 'n onderwerp vir 'n ander dag - ek wil eintlik uitkom by optrede.

As ons mekaar met respek behandel, sê dit iets van my goeie kwaliteite, van my ingesteldheid en van die bril waardeur ek na God se ander skepsels en kinders kyk. As dit iets positiefs van my sê, raak Jesus Christus veel duideliker in my optrede en word Sy koninkryk bevorder deur die manier hoe ek Sy voorbeeld uitleef. Christus het ander mense tog sonder uitsondering met respek behandel, selfs Sy vyande en kwaadpraters.

Dit is natuurlik glad nie genoeg om ander net met respek te behandel nie. 'n Christen wat die vrugte van die Gees dra, moet tog ook oplet na hoe hy of sy van 'n ander praat. Jakobus 3 verwoord 'n skreiende waarneming: "Met die tong loof ons die Here en Vader en met die tong vloek ons die mense, wat as die beeld van God gemaak is." Hierdie woorde ruk aan my hart - almal van ons misbruik ons tonge om brand te stig …

Ek gaan in die vervolg oplet na hoe ek optree teenoor en praat van ander mense, nie net tot voordeel van die koninkryk of my eie heil nie, maar ook om my kinders te leer hoe 'n Christen optree.

Ons gee God se hoop en liefde aan

Verder is dit ook so dat ons optrede óf die gaping tussen mens en God verbreed óf die band versterk. Dit is tog laasgenoemde wat Hy en ek ook wil hê, nie waar nie?

In die 40 dae reis waarmee ons as gemeente besig is, is 'n goeie beginpunt om te kyk hoe ek my liefde verpak. Om seker te maak my liefde word beleef soos ek dit wil aangee is 'n goeie beginpunt my uitleef van respek.

Mag ons God se hoop en liefde aangee in die 40 dae en ook elke dag daarna, mooi week,

Dewald

Gemeentefees 2021

Saterdag 6 Maart

Ons is opgewonde oor ons gemeentefees wat volgende Saterdag, 6 Maart, plaasvind.

Agv. Covid-regulasies gaan ons hierdie jaar slegs **vleis, groente en pannekoek verkoop**.

Die kosstalletjies sal nie die Saterdag oop wees nie. Ons gaan eerder deur die loop van die jaar etes verkoop. Hou gerus die Diensnuus en ons Facebook-blad vir meer inligting hieroor dop.

Vir navrae, kontak gerus vir Liz Fourie: 072 932 6374 of Marinus/Dewald.

Ons benodig helpers by die vleisverwerking asb.

Selfs al het jy net 'n uur of twee tyd, sal dit baie beteken...

Hier is die datums, tye en plekke waar ons werksaam is:

Maandag 1 Maart - Boontjieskraal (afsny vanaf 14:00)

Dinsdag 2 Maart -Boontjieskraal (Vleis opsny vanaf 09:00 ; meng vir wors)

Woensdag 3 Maart - Boontjieskraal (Worsmaak vanaf 09:00; maalvleis ens.)

Woensdag 3 Maart - Lemoenskop (Skape & lammers opsny vanaf 09:00)

Woensdag**aand** 3 Maart - Kerksaal vanaf 18:30 (pakkies maak -wors & maalvleis)

Donderdag 4 Maart - Lemoenskop (skaap/lammers opsny vanaf 09:00)

Donderdag**aand** 4 Maart - Kerksaal vanaf 18:30 (vleis verpak)

Skryf jou naam op die lys by die kerksaal se kombuis en bring gerus helpers saam.

Wat kan ek saambring? `n voorskoot en `n skerp vleismes

Navrae: Kontak Heinie Fourie 083 697 8150 of Marinus Theron 082 325 2171

Wêreldbiddag vir Vroue

5 Maart 2021

'n Lewe gebou op 'n vaste Rots

Ons bid onder leiding van Ankia du Plooy saam daar waar jy jouself bevind. Die digitale kanale maak dit moontlik om saam te wees oor afstande heen.

Hou jou WhatsApp dop Vrydagoggend 5 Maart vanaf 07:00 om die gebedsreis vir die saam dag te doen en stuur dit dan ook aan vir mekaar.



Taakspan: Vrouebediening

Akkommodasie in Heidehof beskikbaar

Heidehof het kamers beskikbaar in die siekeboeg en huis.

Kontak gerus vir Rika vir meer inligting by 028 214 1755.

SA JAG Overberg Tak

benodig dringend skenkings vir voer in die vorm van strooi, hooi en pitvoer. Hulle wil dit neem na Fraserburg en Sutherland vir verspreiding in beide distrikte asook in Williston-area.

Kontak: Andrew Beukes
083 448 1687

Voorbidding

- Burtie Coetzee (Konstitusiestr wyk)
- Rennie Luddik (Diepgat)

Kinderfokus:

Dis heerlik om ons kinders te verwelkom. Daar is aktiwiteitsborde by die hoofdeur en voor in die kerk beskikbaar indien jy dit al voor die diens wil neem. As jy egter voel dat jou kind vorentoe kan kom tydens die Kinderfokus -gedeelte, kan die bord dan ook afgehaal word. Ons neem mekaar in ag ook in die opsig.

Kom maak jou tuis!

Sondae na afloop van die erediens kan jy vir jou 'n heerlike koppie tee of koffie kom skink.

(Skryf dan sommer ook jou naam op die vleiswerklys vir die week.)

Veels geluk
aan almal wat die week verjaar!

Verjaar	Noemnaam	Van	Wyk	Adres	Selfoon
02/28	Carien	De Beer	De Kuil	Metcalfweg 15	27799721088
02/28	Joan	Delport	Fynbos	Heidestraat 8	27846555320
02/28	Sanet	Erasmus	Sentrale	Dempersstraat 25	27834069070
02/28	JC	Fourie	Trinity	Trinitystraat 10	27834443553
03/01	Christiaan	Van der Westhuizen	Kerkstraat	Kerkstraat 24	
03/02	Anel	Fick	Krige	Ysbrandskop	27826985528
03/02	Hugo	Kriel			
03/03	Fritz	De La Harpe	Waboomskloof	Chavonnes.	
03/03	Marius	Olivier	Upington	Quartahof 1	27795745760
03/04	Marie	De Jager	Berg Wyk	Plantasie Straat 17	27722202976
03/04	Johan	Groenewald	Sentrale	De Villiersstraat 21	
03/04	Rita	Hanekom	Meulstraat	Meulstraat 48	27827202852
03/04	Daphne	Hoffman	Konstitusiestraat	Konstitusiestraat 13	
03/04	Yolandè	Marais	Waboomskloof	Remkuil Boerdery	27730395539
03/04	Jan	Nigrini	Middedorp	Kollegeweg 13B	27832411892
03/04	Marianne	Smith	Fynbos	Proteastraat 9	27836193677
03/04	Wehan	Swart	De Kuil	Joubertstraat 13	
03/04	Adriaan	Van der Westhuizen	Kerkstraat	Kerkstraat 24	27828751000
03/04	Jean	Van Niekerk	Waboomskloof	Tierfontein Plaas	27829444640
03/05	Charline	De La Harpe	Waboomskloof	Chavonnes.	27723453901
03/05	Girlie	Maritz	Heidehof	Heidehof te huis	
03/06	Elmien	De Wet	Freesia	Freesiastraat 14	27833803916
03/06	Lisa	Kroes	Konstitusiestraat	Konstitusiestraat 6	
03/06	Liza	Van der Westhuizen	Kerkstraat	Kerkstraat 24	
03/06	Petro	Viljoen	Klein Wyke	Olienhout straat	27736389699
03/06	James	Whiteman	Waboomskloof	Waboomskloof Plaas	27825238337

Ons Getuienis-diensgroep gee Hoop en Liefde aan

Ons gemeente se getuienisgroep het so 2 tot 3 jaar terug betrokke geraak by die Overstrand CYCC in Kleinmond. Dis 'n veilige verblyf vir kinders wat deur die hof uit hul huise geneem is. Baie van hierdie kinders bly vir 'n geruime tydjie daar. Die instansie kry, soos alle ander regeringsinstansies, baie swaar. Ons het onderneem om vir die kinders, met hul verjaarsdag, 'n koek en klein geskenkie te voorsien. Dit werk goed omdat Jac Engelbrecht elke dag Kleinmond toe ry en dan die koek/geskenkie kan neem.

Ons het gewonder of daar van die gemeente se kant dalk ook mense sal wees wat graag hierdie liefdesdiens met ons wil deel. Op ons verjaarsdaglys vir hierdie jaar, is nog 10 kinders oor as iemand 'n beurt wil neem vir hul verjaarsdag-vreugde. Daar is, saam met personeel, so 30 mense in die huis. Ons bak dus 'n plaatkoek sodat almal kan verjaarsdag hou.

Hulle verwelkom ook enige iets anders wat na hulle kant toe kom: gebruikte klere, beddegoed, ens. Alma en Magda het reeds hierdie jaar hierdie kinders ingesluit by ons "terug-skool-toe-projek". Die skoolgaande kinders het elkeen 'n paar skoene en skryfbehoeftes ontvang.

Indien iemand belangstel om te help, kontak vir my of Alma:

Gerda de Kock: 082 957 2260

Alma Engelbrecht: 083 459 9390

Algemeen

Caledongemeente
Ons gee God se hoop en liefde aan

Deuroffers:

Baie dankie aan elke getroue ondersteuner wat hoop en liefde aangee ook in hierdie uitdagende tyd. Die nood is groot.

Ons wil graag steeds na die beste van ons vermoeë ons verpligtinge teenoor die organisasies op ons deurofferlyste nakom.

In die lig hiervan gaan ons fondse beskikbaar stel om die betrokke instansies te ondersteun. Ons wil ook graag ons gemeente die kans gun om 'n bydrae te maak aan instansies wat gedurende die grendeltyd nie hul broodnodige deuroffers kon ontvang het nie. U is welkom om 'n koevertjie in die mandjie te gooi of na die kerkkantoor te neem. Vir elektroniese oorbetalings, gebruik asb "deuroffer" as verwysing.

Boeke beskikbaar by die kerkkantoor:

- Bybel (swart hardeband 2020 vertaling) @ R130 elk
- Daar is nog heelwat 2021 Almanakke (gratis) beskikbaar indien iemand nog benodig.

Covid-maatreëls tydens samekomste:

Ons wil almal aanmoedig om veilig te wees en die voorgesette Covid-maatreëls na te kom tydens samekomste.

Snap here to pay

SnapScan

Kerkkantoor: 028 212 1202 ngkcaledon@twk.co.za

Kantoor Whatsapp nommer: 072 807 3192

Ds. Marinus:028 212 2293
marinustheron@telkomsa.net

Ds. Dewald: 028 212 1332 dutoitdewald@yahoo.com

Webblad: www.ngcaledon.co.za.

Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,
NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229 Takkode: 183509

Caledongemeente

Ons gee God se hoop en liefde aan

Preeknotas: 28 Februarie 2021

Ds . Dewald du Toit Teks: Joh. 13:31-35 en Gen. 22:1-14

Preeknota's: 28 Februarie 2021

Teks: Joh.13:31-35 en Gen.22:1-14

Tema: Om mekaar lief te hê

Skryf jou definisie van liefde neer.

Hoe het jy liefde die week laat wys?

Jesus sê in die manier hoe ons mekaar liefhet, sal die ander mense sien dat ons Sy dissipels is.

Hoe kan jy die stelling vir jouself as maatstaf maak? (Kon mense sien jy is God se kind?)

Abraham se moeilike opdrag in Gen.22:1-14 laat mens tot stilstand kom. God vra hier die onmoontlike van Abraham, wat sou jou reaksie op so 'n vraag/ opdrag wees?

Wat kan maak dat jy die opdrag uitvoer?

Abraham se verhouding met God was so goed dat hy kon weet dat God die beste vir hom wil en dit het hom gehelp om sy lewe in gehoorsaamheid te leef. Hoe kan jy aan jou verhouding met God werk?

Liefde vir God – dis waar ons begin leef en liefde vir mekaar dis waar ons ander kans gun om te leef.

God doen alles vir Abraham en vir ons ook – ons sien dit deur Jesus se voorbeeld – soos Ek julle lief het…. Hoe kan jy meer leef soos Jesus se voorbeeld?

Ons gee God se hoop en liefde aan

BASAAR
NG Kerk
Greyton
MAART
13 SAT
9VM
Die klein gemeente met die GROOT HART
VLEIS
PANNEKOEK
JAFFELS
Kleinkoekies
teetuin
BRAAIVLEIS
GROOTKOEKE
Groot-Olifanttafel
vrugte
POTJIEKOS
POEDING
PASTEIE
plante
COVID-reëlings: Jy kan 'n bestelling plaas
& ons lewer dit af (slegs in Greyton).
WhatsApp jou naam (en epos)
na 079 835 0652 vir jou bestelvorm.
Made with PosterMyWall.com